T. (011) 787 1984

F. (086) 689 8351

E. sonmusic@global.co.za

S. 083 441 1002

S O N J A H E R H O L D T
MUSIEK / MOTIVERING / INSPIRASIE
www.sonjaherholdt.com

PERSVERKLARING
Die Hartklop van ‘n Pêrelvrou

Die Hartklop van ‘n Pêrelvrou is Sonja Herholdt se huidige musiek-motiveringsprogram gerig veral op ‘n vroulike gehoor.
Tydens hierdie program kombineer Sonja die funksie van 'n spreker en sanger (gaskunstenaar) en verpak dit in 'n musiekmotiveringsprogram. Sy put vanuit haar eie lewenservaring en praat oor temas rondom vrouwees, wat sy dan toelig met gepaste liedjies en musiek.
Sy praat o.a. oor onderwerpe soos selfbeeld en eiewaarde, waagmoed en die belangrikheid van onafhanklike-verantwoordelikheid vir elke vrou.
Sy deel ook tydens die program wenke en tegnieke om emosionele en geestelike energie te herwin en hoe om spanning te hanteer.
As hoogtepunt van die program sluit Sonja af deur erkenning te gee aan 'n besonderse persoon in die gehoor wat haar buitengewone omstandighede oorkom. Hiemee poog Sonja om te bewys dat dit moontlik is om die lewe en moeilike omstandighede te oorkom en bied sy geleentheid waar ons by mekaar kan leer en mekaar kan ondersteun.

Die program duur +/- 70min en is hoogs motiverend en inspirerend.

Die Hartklop van ‘n Pêrelvrou is 'n eerlike, openhartige program, propvol wyshede en waarhede, 'n ware inspirasie virelke vrou.